Ark Blitz

God se Coolste Plan

Ons hoef nie ‘n plan te maak om die wêreld heel te maak nie. God is die Planmaker. Hy nooi ons om opgewonde te raak oor sy plan, om gewillig te wees om deel van Sy plan te word en dit te help waar maak. God vra harte wat bereid is om aan Hom gehoorsaam te wees.

Vandag kyk ons na verskillende planne soos bouplanne, lego instuksies en verskillende legkaarte. Ons beantwoord die vraag: “Wat is ‘n plan? Wat gebeur as daar ‘n paar legkaart stukke weg is van ‘n legkaart, of wat gebeur as die bouplan van ‘n gebou nie klaar geteken is nie?’ (die leier bring lego instruksie saam en bou die voorwerp). Ons kyk na die kerk bouplanne en kyk of ons die klas kan vind op die plan.

God se Plan is Jesus en ons lees daarvan in die Bybel. Die kinders kyk na die Bybellyn met al die panele, hoofmomente, prente en karakters en sien dat die verhale binne die groter prent van die Bybel geplaas word. Hierdie jaar ontmoet ons die verhale en karakters van die skepping tot by Josef. Hoekom is daar ‘n rooi lyn op die panele? Verduidelik aan die kinders dat dit die rooi lyn die bloedlyn of plan is van God se verlossing wat begin het met die verbond aan Abraham. Ons is nou ook deel van die plan, deur Jesus ons verlosser .

Ons maak kruise om ons te herhinder dat Jesus, ons Verlosser, God se plan vir ons is en om ons te herhinder dat ons deel is van die plan.

Het jy geweet dat God sê dat hy jou naam eerste geken het, lank voor jy nog eers van God geweet het, nog lank voor jy gebore is, het God jou naam geken!

In Jesaja 43: 1 staan: “ Ek het jou op jou naam geroep (*wys met jou duim en voorvinger asop jy jou naam op jou voorkop ‘plak’)* – jy is myne! “(*Vou arms oor bors asof jy iets kosbaars vashou.)* **Skryf : *Jy is Myne* op die kinders se hand palms.**